# *Redaksioneel / Editorial*

Die gedagte is onlangs uitgespreek dat hierdie tydskrif 'n inter-universitêre mondstuk moet word. Soos intekenare (wat wel die artikels lees) sal weet is die bydraes van akademiese aard en hoofsaaklik 'n weerspieëling van oorspronklike nuwe navorsing. Vir hierdie rede moes bydraes van tyd tot tyd teruggestuur word omdat hulle inhoud reeds algemeen bekend was of omdat hulle te min oorspronklike konsepte bevat en dus hoofsaaklik samevattings was van reeds gepubliseerde werke. In uitsonderlike gevalle is tog gebruik gemaak van sulke werk weëns die algemene belangsteliing.

Dat daar daadwerklike behoefte is aan 'n tydskrif van hierdie aard word bewys deur die vraag daarna in internasionale akademiese kringe. Maar daarbenewens is dit nodig dat die suiwer akademiese basisse van stad- en streekbeplanning op sistematiewe wyse uitgebou word as balanserende teenmiddel teen aanslae van ander dissiplines wat die veld oorvloei. 'n Oorsig van die titels van magisters- en doktorale verhandelings toon dat navorsing deur personeel en studente van verskeie buitedepartemente betrekking het op fisiese planopstelling en in baie gevalle ook uitloop op professionele bystand aan buite-instansies.

Terwyl dit toegegee word dat interdissiplinêre kruisbestuiwing noodsaaklik is vir die uitbouing van die professie se akademiese beslag, moet daarenteë ook gewaak word teen akademiese onvakkundigheid en oormatige mobiliteit van denke. Deelname aan beplanningsnavorsing, ook van toegepaste aard, deur die akademiese personeel van beplanningsdepartemente aan universiteite is dus noodsaaklik. Die behoefte aan 'n lydblad om die resultate te versprei is 'n des te meer dringende behoefte.

The material appearing in this issue is a mixture of pure research and practical application in the planning field. Dr. Bruno Rothschuh, a qualified traffic engineer, has paid several visits to South Africa and his article was taken from a lecture given here to academic audiences. The article is of particular relevance to planners in that the modes of travel now current in Germany may offer some solutions to traffic problems in our own larger cities.

D. Page
Editor / Redakteur

April 1980

JOURNAL FOR REGIONAL PLANNING
Published by the

Department of Town and Regional Planning,
University of Stellenbosch.

TYDSKRIF VIR STREEKBEPLANNING
Uitgegee deur die

Departement van Stads- en Streekbeplanning,
Universiteit van Stellenbosch.